# Toetrede

## Liturgie van die Lig

# Woorddiens

## Lesing 1: Markus 7:24-37 (1953)

24 EN Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van
Tirus en Sidon vertrek. En toe Hy in die huis gegaan het,
wou Hy nie dat iemand dit sou weet nie; maar Hy kon nie
verborge bly nie.
25 Want 'n vrou wie se dogtertjie 'n onreine gees gehad het,
het van Hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval.
26 En sy was 'n Griekse vrou, 'n Siro-Feniciese van geboorte,
en sy het Hom gevra om die duiwel uit haar dogter uit te
dryf.
27 Maar Jesus sê vir haar: Laat eers die kinders versadig
word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te
neem en vir die hondjies te gooi nie.
28 En sy antwoord en sê vir Hom: Ja, Here, maar die hondjies
eet darem onder die tafel van die kinders se krummels.
29 En Hy sê vir haar: Ter wille van hierdie woord kan jy
gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar.
30 En toe sy huis toe gaan, vind sy dat die duiwel uitgevaar
het en dat haar dogter op die bed lê.
31 EN Hy het weer uit die gebied van Tirus en Sidon vertrek
en na die see van Galiléa gegaan, deur die gebied van
Dekápolis.
32 Toe bring hulle na Hom 'n dowe wat swaar praat, en
smeek Hom om hom die hande op te lê.
33 En Hy neem hom opsy, weg van die skare, en steek sy
vingers in sy ore, en spuug en raak sy tong aan;
34 en nadat Hy opgekyk het na die hemel, sug Hy en sê aan
hom: Éffata, dit is: Gaan oop!
35 En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong
losgeraak, en hy het reg gepraat.
36 En Hy het hulle beveel om dit aan niemand te sê nie; maar
hoe meer Hy hulle dit beveel, hoe meer hulle dit verkondig.
37 En hulle was uitermate verslae en het gesê: Hy het alles
goed gedoen: die dowes laat Hy hoor en die stommes praat.

## Lesing 2: Jakobus 2:1-17 (1953)

1 MY broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus,
die Here van die heerlikheid, nie wees met aanneming van
die persoon nie.
2 Want as daar in julle vergadering 'n man inkom met goue
ringe aan die vingers, met 'n pragtige kleed aan, en daar kom
ook 'n arm man in met vuil klere aan;
3 en as julle opsien na hom wat die pragtige kleed dra, en vir
hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit, en vir die arme sê
julle: Gaan jy daar staan of hier onder my voetbank sit —
4 het julle dan nie by julleself onderskeid gemaak en regters
met verkeerde oorlegginge geword nie?
5 Luister, my geliefde broeders — het God nie die armes van
hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename
van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom
liefhet nie?
6 Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis
die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke
sleep nie?
7 Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster oor julle
aangeroep is nie?
8 As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die
Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself — dan doen
julle goed.
9 Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die
wet as oortreders bestraf.
10 Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig
struikel, het aan almal skuldig geword.

## Broodjies vir die Pad

All the readings and the responsory psalms make one thing clear: when God acts, certain things always happen-- justice gets done, the hungry get fed, the blind see, the bent over stand up straight and tall and other corrective actions to human conditions get started and completed.

◆◆◆

Jean-Luc Nancy's Corpus and his many other works have produced wide and deep response, including the last book completed by Jacques Derrida, On Touching--Jean-Luc Nancy. Derrida begins his work, in which he reviews major Western writers on the topic of "touching," with this pronouncement, "Jean-Luc Nancy, the greatest thinker about touch of all times...." (p.4) Derrida's inquiries inspired by Nancy's work go in all directions, including an inspiring section about Jesus. Derrida, the non-practicing Jew, writes, "....all the Gospels present the Christic body not only as a body of light and revelation, but, in a hardly less essential way, as a body touching as much as touched , as flesh that is touched-touching." (pp 99-100) Derrida's (and Nancy's) larger discussion of "touch" explores this human experience which, at the edge,at the limit of physical touch, another sense of touch begins. It is known when we say that we have been deeply "touched" by some one's kindness or generosity, for example. After listing many of the ways Jesus touched others and was touched, in both senses, including the incident in our gospel this day, he writes, "Not only is Jesus touching, being the Toucher, he is also the Touched one, and not only first in the sense that we have just identified (that is, touched in his heart by heartfelt, merciful compassion): he is there as well for the touching; he can and must be touched.) (p. 101)

The deaf man is intimately "touched" by Jesus and is healed; the daughter of the (non-Jewish) woman never meets Jesus but is "touched" by his blessed and glorious healing because of the intervention by her mother who "touched" Jesus with her pleading!

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/08/proper-18-year-b.html

◆◆◆

## MEGA KERKE EN VOORGANGERS SE VERGOEDING

**DALLAS – De eerste voorganger van een megakerk in Amerika verdient tussen de 67.000 en 210.000 euro per jaar. Over het algemeen ontvangt hij jaarlijks tussen de 80.000 en 110.000 euro. Het salaris steeg de afgelopen twee jaar gemiddeld met 2 procent per jaar.**

Dat blijkt uit onderzoek naar het salaris van voorgangers van megakerken in de Verenigde Staten. Leadership Network bracht de studie ”2012 Large Church Salary Report” onlangs naar buiten. De organisatie onderzocht voor de periode 2010-2012 iets meer dan 200 kerken in Amerika die ’s zondags meer dan 2000 bezoekers kunnen verwelkomen.

Het salaris stijgt over het algemeen mee met de omvang van de kerk, maar er zijn uitzonderingen. Een kerk met het grootste aantal bezoekers tijdens de diensten, in totaal 18.000, heeft een voorganger in dienst die tegen de 120.000 euro verdient. Een andere voorganger met het topsalaris van ruim 200.000 euro krijgt ’s zondags ‘slechts’ 5.000 mensen in de kerk.

De oprichters van de kerk verdienen gemiddeld ongeveer 400 euro per jaar meer dan hun opvolgers. De tweede voorganger van een gemeente, vaak beschreven als de pastor die de megakerk organisatorisch leidt, ontvangt gemiddeld 66 procent van het loon van de eerste voorganger. Voorgangers van groeiende kerken of van kerken die op meerdere locaties gebouwen hebben, ontvangen overigens niet per definitie een hoger salaris.

Voorgangers in het zuiden van de Verenigde Staten hebben het meest riante salaris. Kerken in het westen en noordoosten betalen ook goed. Het laagste salaris ontvingen predikanten in de regio Midwest. Iets beter betalende kerken zijn over het algemeen gelokaliseerd in oudere wijken in de stad en oudere voorsteden.

### Voorganger gemiddeld 51 jaar

Leadership Network onderzocht ook andere aspecten van de megakerken in deze studie. De jongste megakerk is opgericht in 2005, de oudste aan het begin van de negentiende eeuw. De meeste kerken beschrijven zich als blank en 17 procent geeft de kerk een andere, niet-blanke omschrijving mee. De eerste voorganger van de kerk is gemiddeld 51 jaar en dertien jaar verbonden aan zijn kerkgemeenschap. Kerkleden geven jaarlijks ruim anderhalf miljoen tot tegen de 25 miljoen euro aan de kerk.

Hoewel de meeste Amerikaanse kerken hebben te kampen met een daling van ledentallen, groeien megakerken. Het onderzoeksnetwerk ontdekte dat 77 procent van de kerken in de studie groeit met een jaarlijks gemiddelde van 11 procent. Die groei is wel iets afgenomen in vergelijking met hetzelfde onderzoek dat de periode 2008 tot en met 2010 omvat. Toen groeide 83 procent van de onderzochte megakerken.

http://www.refdag.nl/kerkplein/kerknieuws/voorganger_van_megakerk_in_vs_krijgt_tot_ruim_2_ton_salaris_1_672554

## Brood vir die Pad

### Minagtende hulpverlening sal nie slaag

*deur Wilhelm Jordaan*

Maandag se Praat saam-inbelprogram op Radiosondergrense is aan armoedeverligting gewy: Wie moet wat doen, wanneer, hoe en hoeveel?

Omdat die owerheid nie alles kan doen nie, speel nie-regeringsorganisasies en vrywilligers ’n al hoe groter rol.

Vrywilligers se hulp is vanselfsprekend onontbeerlik. Tog is dit soms ook ’n blok aan die been weens ’n hulpverleningstyl wat, verby die goeie bedoelings, gekenmerk word deur die versuim om in te sien dat mense in hul uiterste armoede steeds as mense geag wil wees.

Charles Dickens se roman Oliver Twist beskryf dié begeerte in fyn besonderhede.

Toe die seun, Oliver, in die armetehuis vir nog kos gevra het, was die “vra vir meer”, in die trant van die verhaal, ook ’n metafoor vir die verlange na meer menswaardigheid.

Om nie net meer te hê nie, maar ook meer mens te wees; wat ook insluit groter selfbevoegdheid en selfrespek. Juis dít was een van die grondslae van die swartbewussynsleier Steve Biko se selfopheffingsprogram.

In hul brandende ywer om te help, dra vrywilligers soms subtiel ’n ongelyke menswaardigheid oor. Enersyds deur “uit die hoogte” van eie kennis en vernuf, sonder enige raadpleging, te dikteer hoe en waartoe hulp sal plaasvind.

Andersyds deur die verwagting dat dié wat gehelp word ’n soort handevrywende, tranerige dankbaarheid sal vertoon.

Só bereik hulp aan die armes dikwels niks meer nie as passiewe ontvangs van alles wat gegee word.

Enersyds skep dit voortgaande afhanklikheid wat die armes se hulpeloosheid verdiep. Andersyds huisves die passiwiteit ’n oplaaiende stil woede en aggressie oor die helpers wat alles het en weet; wat kom en dan, so gou as wat dit kan, weer gaan.

Daarom is daar dikwels minagting vir die hulp en die helpers.

Vrywilligers vertoon ook soms ’n egosentriese helperstyl wat die omgekeerde van altruïstiese naastediens is. Altruïsme behels ’n egte ywer om met fisieke teenwoordigheid, emosionele steun en intellektuele krag hulp aan ander te verleen. Die een wat die hulp ontvang, hét die volle aandag van die helper.

Egosentriese hulp plaas die helper in die kollig – hoe goed hy of sy voel oor die goeie dade wat verrig word; hoe lekker dit is om ander te help wat swaarkry en hoe bevredigend dit is om “dié mensies” se dankbaarheid te sien.

Sulke hulp herinner aan wat die filosoof C.S. Lewis op ’n keer sinies gesê het van mense wat sê “hulle leef vir diens aan ander”: “You can always tell the others by their hunted expression”; dat hulle as’t ware die prooi is!

Sonder ’n hulpverleningsfilosofie wat verby die noodsaak van kos, water, klere, krag en huisvesting mense se hunkering na menswaardigheid bevestig, is dienslewering ’n handklap teen die wind.

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Minagtende-hulpverlening-sal-nie-slaag-20120904

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877